graad 7 - 10 kategese '09

Sondag 17 | 16 AUG

Christenskap in jou wêreld

Debrief

- Gesels 'n bietjie oor wat almal oor die langnaweek gedoen het. Het daar iets gebeur wat jou die Here laat raaksien het? Vertel vir mekaar!
- Open met gebed en sê vir die Here dankie vir al die goeie dinge wat jy beleef het.

Luister

- Mat 10: 16-33

Gesprek!

- Staan net eers stil by die teks vir 'n ruk –
  - Wat val elkeen op? Wat is moeilik om te hoor? Wat is goed om te hoor?
  - Dink bietjie aan daardie tyd se konteks – hoe is Christene behandel?
  - Dink aan vandag se konteks – luister hoe elkeen dit beskryf – Dink hulle Christene word "vervolg" by die skool? Hoe? Word hy/sy so "vervolg" in jou groep?
  - Hoe lei die Heilige Gees ons wanneer daar moeilike situasies is by die skool of huis? Glo jy dit?
  - Dink hulle die teks vertel iets van of Christenskap opoffering vra? Wat moet jy opoffer? Hoe bely jy Jesus vandag voor mense?
- Gesels oor die wêreld waarin ons leef? Beskryf dit eers en gesels dan hoe leef ek my Christenskap in hierdie wêreld uit. Dink aan:
  - Facebook en my status updates
  - MIXIT en Twitter ens
  - Wat ek sê in my vriendekring of by die huis oor mense
  - Wat ek kyk en doen en probeer
  - Wat van partytjies en kuiers en braais?
  - Wat van verhoudings?
- Ons gemeente se leuse is 24/7 Christen-wees:
  - Wat beteken "kerk" en "kerk toe kom" teenoor "Ek is die kerk" en orals waar ek gaan leef ek as die kerk!
  - Hoekom kom ek dan Sondag by 'n gebou bymekaar?
  - Is daar 'n verskil tussen Sondag-Christenskap en 24/7 Christenskap?
  - Maar dit is moeilik – hoe hou ek dit vol? (Gesels bietjie oor hoekom Christene mekaar nodig het)

Wrap-up!

- Besluit om iets radikaal hierdie week te doen om op te staan vir jou geloof – (almal verander hul Status Updates, of almal doen een iets saam)
- Bid vir die week